DISKUSSIE.

# „HET BIJBELSCHE SCHEPPINGSVERHAAL EN DE NATUURWETENSCHAP".

Die heer A. A. Manten het ons 'n diens bewys deur sy prikkelende artikels oor bogenoemde onderwerp. Dit is immers dringend noodsaaklik, ook aan die P.U. vir C.H.O., dat natuurwetenskaplyikes en teoloë mekaar gedurig spreek in verband met die verhouding tussen hul onderskeie vakke met betrekking tot die oorsprong van die dinge.

Dit kan naamlik nie ontken word nie dat die moderne natuurwetenskap die teologie voor groot vraagstukke stel in verband met die eksegese van die betrokke Skrifgedeeltes; en die teoloog wil grif toegee dat dit moontlik is dat wat ons uit die Skrif meen te kan aflei, nie metterdaad deur die Skrif geleer word nie maar dat ons die Skrifgegewens anders moet interpreteer.

In die paleontologie en geologie is dit blykbaar 'n uitgemaakte saak dat daar periodes van miljoene jare was en 'n ontwikkeling tot op die bestaande toestand, al of nie met goddelike inwerking. Ons natuurwetenskaplikes aan die P.U. aanvaar blykbaar hierdie skema (vgl. bv. die artikel van prof. Ackerman oor die geologie van Afrika wat onlangs in Koers verskyn het) en worstel om harmonie met die Skrifgegewens te verkry. Aan die ander kant worstel die teoloë omdat hulle besef dat die natuurwetenskaplike gedagtes nie met die tradisionele Gereformeerde eksegese van Gen. 1 en 2 geharmonieer kan word nie. In 'n poging om mekaar te vind is die bydrae van mnr. Manten besonder welkom.

As ons volledig moet antwoord op wat mnr. Manten aan ons voorgelê het, sou 'n nuwe artikelreeks moet volg, wat hopelik ook later sal gebeur. In hierdie artikel wil ons net enkele hoofsake aanraak en dan veral aantoon in watter opsigte daar leemtes is.

In die eerste plek moet daar dan op gewys word dat mnr. Manten self die fout maak wat hy aan die teoloë toedig. Sy artikels is naamlik oorwegend teologies van aard, en aangesien hy geen teoloog ex professo is nie, moes hy heelwat leen en klaarblyklik 'n groot stuk van Karl Barth. Ons sou liewer gesien het dat mnr. Manten ons 'n uiteensetting gegee het van die huidige stand van die natuurwetenskap met betrekking tot die ontstaan van die dinge en dan veral in hoever daar vastigheid is en die stadium van werkhipoteses en teorieë ontgroei is.

In plaas daarvan spreek hy op apodiktiese wyse van sekere feite waarvoor die natuurwetenskappe ons stel, terwyl hy tog ook in 'n bepaalde geval sê: „voor zover we daar op het ogenblik gegevens over bezitten" en verder bely dat ons oor sekere aspekte nog vrywel niks weet nie. 'n Teoloog sal graag sy eksegese heroorweeg as hy voor feite staan. Maar waar hy te doen het met die Woord van God is hy uiters

skroomvallig om sy eksegese te laat lei deur wat moontlik teorieë kan wees.

Die artikels van mnr. Manten gee hoofsaaklik 'n eksegese van die skeppingsverhaal in die lig van die „feite" van die natuurwetenskap. Graag wil ons ook hier sekere dinge toegee. Dit is naamlik 'n feit dat die sg. **fundamentalisme** ons soms parte speel. Ons moet mnr. Manten egter al dadelik daarop wys dat teoloë dit nog nie met mekaar eens is oor wat die begrip presies inhou nie. Soos wat mnr. Manten dit verstaan sal ook die geskrifte van prof. dr. G. Ch. Aalders as fundamentalisties bestempel kan word, terwyl hy tog nog altyd beskou is as 'n goeie **Gereformeerde** teoloog.

Die probleem waarvoor die teologie staan is die volgende: met mnr. Manten kan saamgestem word dat die Skrif ons geen wetenskap bring nie, dus ook nie natuurwetenskap nie. Dit spreek die taal van die daaglikse lewe. Aan die ander kant gaan sekere teoloë vir die Gereformeerde te ver as hulle beweer dat wat die Skrif gee bloot **heilshistories** gesien moet word. Dit kom dus nie daarop aan of wat vertel word werklik gebeur het of juis so gebeur het nie. Die groot vraag is: wat is die **prediking** wat van die meegedeelde uitgaan?

Vir 'n teoloog as Karl Barth — wat deur mnr. Manten klaarblyklik in baie opsigte gevolg word — sien die skeppingsverhaal uitsluitlik op Christus (Christomonisme) en het dit ten opsigte van die natuurlike dinge niks te sê nie.

Die Gereformeerde teoloog erken dat die Skrif nie natuurwetenskap gee nie, maar hy vra in die eerste plek: as die Skrif in Gen. 1 spreek van lig, duisternis, ligte aan die uitspansel, ens., of dit ook die lig, duisternis, ens., is wat ons met die vleeslike oog aanskou dan wel slegs terugwaarts gerigte profesie van die heilsgeskiedenis" soos mnr. Manten dit uitdruk.

Dat die skeppingsverhaal geen **adekwate** kennis bied nie, sal enigeen moet toegee. Dat dit gaan om sake wat **diep en wonderbaar** is en dat die werk van God op **antropomorfe** wyse geskilder word, sal wel niemand ontken nie. Maar die eerste hermeneutiese vraag is: **het ons die reg om voetstoots uit te gaan van die gedagte dat alles in die skeppingsverhaal** vergeestelik **moet word?** Dan kan die vraag volg: is daar ook 'n dieper, geestelike sin?

Mnr. Manten gaan ook sonder nadere bewysvoering daarvan uit dat die Bybelskrywers spreek in die terme van die wêreldbeeld van hul tyd. Dit is nog 'n saak waaroor teoloë dit nog nie eens is nie. As dit so is dat die Bybelskrywers spreek in terme van 'n (verouderde) wêreldbeeld, dan moet wat hulle sê „herumgedeutet" word in terme van die moderne denkwyse en kom ons naderhand uit by die „ontmitologisering" van Bultmann. Dit is egter nog altyd die vraag of daar 'n Bybelse (en selfs 'n oud-Oosterse) wêreldbeeld bestaan.

Om saam te vat: mnr. Manten sê baie waarmee rekening gehou moet word, maar hy maak dieselfde fout wat hy die teoloë verwyt—hy begeef hom op 'n gebied waar hy nie vakman is nie en volg dan die beskouinge van sekere teoloë waaroor daar nog groot verskil bestaan.

Natuurwetenskaplikes en teoloë sal nog maar saam moet worstel in ver-

band met hierdie diep en groot sake. As albei groepe dit doen in die vaste oortuiging dat daar finaliter geen botsing kan wees tussen die Skrif en die feite van die natuur nie sal daar gedurig vordering wees, hoewel ons ten slotte in baie opsigte sal moet verklaar: ons staan hier voor 'n misterie.

S. DU TOIT.

Potchefstroom.